

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*  
***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 38: Korach – Korag**

*Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam. Num. 16:1 en 2 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Num. 16:1 tot 18:32

**Haftorah:** 1 Sam. 11:14 tot 12:22

**Nuwe verbond:** Rom. 13:1 tot 7; Heb. 13:17; Judas 1 tot 25; Joh. 15:1 tot 7; 1 Kor. 9:7 tot 14; Gal. 6:6; 1 Tim. 5:17 tot 18; Matt. 23:2; Matt. 5:1; Luk. 4:20 tot 22.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 38 wat afgelaai kan word by: [Parashah38Notas14](#) en [Parashah38Notas15](#) en [Parashah38Notas16](#).

*Some of the best lessons we ever learn are learned from past mistakes. The error of the past is the wisdom and success of the future – Dale Turner.*

*We are made wise not by the recollection of our past, but by the responsibility for our future – George Bernard Shaw.*

*Today's church wants to be raptured from responsibility – Leonard Ravenhill.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Midrash (Torah Bespreking)

### Hersiening

In verlede week se Torahstudie was Israel gereed om Kanaän binne te gaan, maar twaalf verkenner was eers gestuur om die land te gaan verken. Tien van die twaalf het egter 'n negatiewe verslag gelewer wat 'n rebellie teen Moses en Aäron tot gevolg gehad het! Slegs Josua en Kaleb het die vertroue in YHVH, en ook die getrouheid aan YHVH, gehad om volgens die belofte aan Abraham, en volgens die opdrag van God, die Beloofde Land Kanaän in besit te neem. Daarom het hulle vir die volk gesê:

*Moet net nie teen יהוה rebelleer nie en moenie bang wees vir die mense van die land nie, want hulle sal ons prooi wees. Hulle beskerming is van hulle verwyder en יהוה is met ons. Moenie vir hulle bang wees nie!* Num. 14:9.

Hierdie murmurering en rebellie van Israel was 'n gebrek aan vertroue in YHVH se belofte aan Abraham en 'n gebrek aan getrouheid (gehoorsaamheid) aan YHVH. God se Karakter en Outoriteit is belaster!

Dit het baie ernstige gevolge vir Israel gehad, naamlik dat almal van 20 jaar en ouer in die wildernis sou sterwe en nie Kanaän in besit sou neem nie, behalwe Josua en Kaleb! Die gevolg was 'n verdere 38 jaar swerftog in die wildernis! 'n Hele geslag het in die wildernis gesterf! Hierdie behoort as waarskuwing vir ons te dien, want ons sal ook net YHVH se Koninkryk in besit neem deur vertroue in YHVH se onverdiende guns in Yeshua en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond uiteengesit word!!

In die vorige twee Torahstudies het ons reeds met rebellie te doen gekry en telkens geleer van die gevolge daarvan. In hierdie week se Torahstudie kry ons ook met nog 'n rebellie te doen, naamlik die rebellie van Korag en sy bende! Die keer is dit rebellie teen YHVH se aangestelde gesagstruktuur en dit is, soos in die geval van Mirjam se rebellie teen Moses, rebellie teen YHVH-God self.

*A creature revolting against a creator is revolting against the source of his own powers – including even his power to revolt. It is like the scent of a flower trying to destroy the flower –*  
C.S. Lewis.

### Die Rebellie Van Korag En Sy Bende

Eerstens moet ons vra wat is die wêreld se definisie van rebellie? Die volgende twee verklarende woordeboeke maak dit duidelik:

*Open or determined defiance of, or resistance to, any authority or controlling power* (The Oxford Universal Dictionary).

*The act of rebelling; open and avowed renunciation of the authority of the government to which one owes obedience, and resistance to its officers and laws, either by levying war, or by aiding others to do so; an organized uprising of subjects for the purpose of coercing or overthrowing their lawful ruler or government by force; revolt; insurrection.* (Webster's Revised Unabridged Dictionary)

Kortweg gestel beteken rebellie om die gesag waaronder jy staan te ondermyn deur openlike aksies van geweld of oproer of verset. Rebellie vind dus plaas wanneer 'n individu of groep mense in verset kom teen gesag. 'n Opstand wissel van burgerlike ongehoorsaamheid tot gewapende verset wat kan lei tot 'n revolusie.

Tweedens moet ons vra wat is YHVH se definisie van rebellie? Volgens die Skrifte, en soos reeds in die vorige twee Torahstudies (36 en 37) geleer is, is murmuring (ontevredenheid) en ongehoorsaamheid aan YHVH se aangestelde gesag en teen Sy Woord, rebellie. Daarom was Mirjam en die tien verkenners tesame met die volk se murmering, rebellie teen YHVH en Sy aangestelde gesag, asook wantroue in YHVH se beloftes en ongehoorsaamheid aan Sy Woord. Dit het die toorn van YHVH ontketen!

Ons moet dus deeglik besef dat ongehoorsaamheid aan YHVH se Woord, en ontevredenheid met Sy aangestelde gesagstruktuur, is rebellie!! Dit is die les wat Saul ondermeer ook geleer het.

Nadat Saul as koning gesalf is, het hy in opdrag van YHVH gegaan om die Amalekiete te verslaan. YHVH het duidelik aan Saul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Saul mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Saul alles met die banvloek moet tref (1 Sam. 15:1 tot 3). Na die oorwinning het Saul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1 Sam. 15:4 tot 9).

YHVH het toe deur die mond van Samuel vir Saul gekonfronteer met die woorde: *Waarom het jy dan nie na die stem van YHVH geluister nie en op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van YHVH?* (1 Sam. 15:19). Saul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan YHVH op Gilgal te bring. Hierop het Samuel vir Saul geantwoord:

*22 Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme, 23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. 1 Sam. 15:22 en 23.*

Saul het teen YHVH se gesag (Karakter en Outoriteit) gerebelleer deur nie dit te doen nie wat YHVH hom beveel het! Hierdie dien ook as 'n les dat goeie bedoelings nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid is nie. Ongehoorsaamheid aan YHVH is rebellie en bring oordeel.

Inteendeel, weens Saul se rebellie was hy sy koningskap kwyt. YHVH, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is rebellie wat as sonde gelykstaande aan waarsêery en afgodery beskou word.

Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat YHVH gehoorsaamheid aan Sy Woord en onderdanigheid aan Sy aangestelde gesag vereis, want anders rebelleer ons teen die Almagtige! YHVH is nie tevrede met ons goeie bedoelings nie!

In die artikel: 'Goeie Bedoelings – Is Dit Goed Genoeg' word voorbeelde uit die Skrif van goeie bedoelings in plaas van gehoorsaamheid, asook die gevolge daarvan, bespreek. Hierdie artikel kan afgelaai word by die volgende skakel: [Goeie Bedoelings](#)

## Korag en sy bende.

Korag, Datan, Abiram, On, tesame met 250 man het opgestaan teen Moses en Aäron en vir hulle gesê: *“Julle het ver genoeg gegaan, want die hele vergadering is afgesonderd, elke een van hulle en יהיה is tussen hulle! Waarom verhoog julle julself bo die vergadering van יהיה?”* (Num. 16:3)

Moses se gesag en sy roeping (aanstelling) deur YHVH was deur Korag en sy bende bevraagteken. Om teen Moses te rebelleer (op te staan) is om teen Torah te rebelleer en is dus rebellie teen YHVH self. Onthou YHVH se Torah, die wet, word ook Moses genoem (Hand. 15:21), asook die wet van Moses (Luk. 2:22; Luk. 24:44).

Hierdie rebellie teen Moses was weens ‘n gevoel van verontregting deur Korag en sy bende. Dit was die wortel van bitterheid wat versprei het en baie onrus onder die volk verwek het. Dit is juis teen dit wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs waarsku:

*Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat 'n wortel van bitterheid ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie.* Heb. 12:15.

Korag was ‘n Leviet en die neef van Aäron en was ‘oorgesien’ toe die priestserorde saamgestel was en was slegs aangewys as hulpverlenend tot die priesters. Hy was ook die eersgeborene (Ex. 6:20), maar toe die dienswerk aangaande die offerandes ingestel was, het die seuns van Aäron die eersgeborenes van Israel by dienswerk van die offerandes vervang.

Datan, Abiram en On was uit die stam van Ruben – die eersgeborene van Jakob. Hulle het verontreg gevoel omrede Ruben sy eersgeboorte reg ten koste van die seuns van Josef prys moes gee (1 Kron. 5:1).

Die 250 man (owerstes) uit die kinders van Israel was simpatiseerders en het hulself dus ook as verontregtes beskou.

Korag was die rebelleier en daarom word daar verwys na Korag en sy bende. Die Naam Korag beteken *gebrek aan natuurlike bedekking of kaalkoppigheid*. Hierdie is ‘n sinnebeeld van ons natuurlike bedekking (die beskerming wat ons het) wat weggeneem word wanneer ons teen YHVH rebelleer of teen diegene wat YHVH aangestel het.

In hierdie Skrifgedeelte sien ons ook die ‘formule’ (‘wenresep’) vir rebellie. Eerstens sal die ontevredenes (sogenaamde verontregdes) hulle van die res van die vergadering (gemeente) skei, gevolg deur opstandigheid teen die leierskap, dan is daar die ‘werwing’ van ander met soortgelyke siening en laastens die beskuldiging van die leierskap en pogings om die leierskap omvêr te werp.

Die les om uit Korag se rebellie teen YHVH te leer is dat ‘die formule’ vir rebellie die volgende elemente, volgorde en gevolge bevat:

Gegriefdheid (gebelgdheid) → bitterheid → skeiding → werwing van simpatiseerders → opstandigheid → beskuldiging en rebellie teen YHVH se gesag → omverwerping van YHVH se gesag → YHVH se oordeel → dood.

Die gees van Korag heers in die wêreld, maar is ook aanwesig in die liggaam van Yeshua – Sy gemeente. Rebellie is die magspel wat dikwels deur ongelowiges (die wêreld) gespeel

word, maar ongelukkig ook dikwels deur gelowiges in Yeshua. Dit is die gees wat meer mag (gesag) en groter beheer oor mense begeer.

Onthou: die mens is nie geskape om oor ander mense te heers nie, maar wel om te heers oor die res van YHVH se Skepping (Gen. 1:28).

Die gees van Korag is onderliggend in ons elkeen weens ons sonde-geneigdheid. Wat die vlees bedink is vyandskap (rebellie) teen God, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie. Daarom is rebellie teen YHVH dit wat die vlees bedink – dit is die begeertes van die vlees en van selfisme. Dit is nie hoe die Afgesonderde Gees die gelowige sal lei nie. Paulus verduidelik dit soos volg:

*5Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer, 6want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid 7omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie. 8Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie, 9maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van Die Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie. 10As Die Gesalfde Een in julle is, dan is die liggaam dood vir die doel van sonde, maar die Gees is lewend vir die doel van die onpartydige opregtheid 11en as die Gees van Hom wat ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood uit laat opstaan het, in julle bly, dan sal Hy wat Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood laat opstaan het, ook aan julle dooie liggeme lewe gee deur Sy Gees wat in julle bly. Rom. 8:5 tot 11.*

Paulus verwys ook hierna in Rom. 7:14 tot 23, naamlik dat ons weet wat die goeie is om te doen, maar so dikwels doen ons dan die teenoorgestelde. Ons vlees is geneig tot rebellie teen YHVH se wil vir ons. Ons vlees rebelleer teen Torah en is voortdurend op soek na redes om nie aan die Torah van die nuwe verbond gehoorsaam te wees nie. MAAR in Yeshua is daar oorwinning oor hierdie rebellie teen YHVH se onderrig en instruksies (Rom. 7:24 en 25).

Vooruitstrewendheid (ambisie) opsigself is nie verkeerd nie, maar wanneer dit eersugtig (roemsugtig, heerssugtig, hebsugtig) gefokus is, word eie belange ten koste van ander se belange nagejaag. Korag se rebellie was uit selfsugtigheid aangevuur deur 'n gevoel van verontregting. Hy, Datan Abiram en On, asook 250 owerstes van die vergadering het hulself as verontregtes beskou.

Opsomend: Die rebellie van Korag en sy bende herinner ons daaraan, en dien as waarskuwing, dat hoogmoed, ambisie en 'n gevoel van verontregting maklik kan ontaard in kwaadspraak en rebellie teen YHVH ons God en Vader. Ons Vader duld nie rebellie in sy huishouding nie! Dit kan soos 'n wortel van bitterheid (Heb. 12:15) versprei en baie onrus verwek – baie kan daardeur besoedel word. Die gevolg kan wees dat ons sonder die onverdiende guns van YHVH in Yeshua gevind sal word!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is die verwerping van YHVH se wet (die verklaring van vry van die wet) dan nie rebellie teen YHVH nie? Lees Jer. 11:1 tot 5, 11 en 14, asook Spr. 28:9.
2. Lees Jes. 14:12 tot 23. Het die rebellie van Satan nie dieselfde patroon (formule) as die rebellie van Korag gevolg nie?

3. Na watter mense verwys Judas 1:1 tot 16. Wie is die hedendaagse mense in verse 4 en 11? Wie is die hedendaagse valse leraars wat die genade van God in ongebondenheid ('n verwerplikeheid; *lasciviousness*) verander (vers 4) en wat met 'n Kain, Bileam en Korag vergelyk kan word? Verwys ook 2 Pet. 2:1 tot 3

Volgens Thayer's Greek Definitions beteken *ongebondenheid* die volgende: *unbridled lust, excess, licentiousness (bandeloosheid, wetteloosheid, wellustigheid), lasciviousness (wulpsheid, onkuisheid), wantonness (moedswilligheid), outrageousness, shamelessness, insolence (parmantigheid, onbeskaamdheid)*. In die verband skryf Barnes in sy *Notes on the Bible* die volgende:

*Abusing the doctrines of grace so as to give indulgence to corrupt and carnal propensities. That is, probably, they gave this form to their teaching, as Antinomians have often done, that by the gospel they were released from the obligations of the law, and might give indulgence to their sinful passions in order that grace might abound. Antinomianism began early in the world, and has always had a wide prevalence. The liability of the doctrines of grace to be thus abused was foreseen by Paul, and against such abuse he earnestly sought to guard the Christians of his time (Rom. 6:1).*

### Die Stoel van Moses

YHVH se gesagstruktuur wat in Moses gesetel was, staan bekend as die stoel van Moses. Dit beteken dat die gesag om Israel in Torah te onderrig en om volgens Torah te oordeel, naamlik beslissing en uitspraak te lewer, was deur YHVH aan Moses gegee. Moses het die Torah direk van YHVH ontvang en het dit aan Israel 'gegee' deur hulle daarin te onderrig.

Die gebruik van die terminologie *die stoel van Moses* het ontstaan in die sanhedrin toe Israel se geestelike leiers gesit het terwyl hulle Torah bespreek het, asook beslissings en uitspraak gelewer het, maar gestaan het terwyl hulle uit Torah gelees het.

Maar onthou: Yeshua sit nou in die stoel van Moses! En daarom het Hy gesê:

*28 Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee. 29 Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees, 30 want My juk is aangenaam en My las is lig.*" Matt. 11:30.

Yeshua se uitnodiging is aan almal wat ywerig probeer om die Torah van Moses te onderhou, maar wat, soos Petrus gesê het 'n juk is wat die voorvaders en selfs hulle as dissipels nie kon dra nie (Hand. 15:10). Die uitnodiging is dus om die swaar juk van die Torah van Moses te vervang met die aangename (sagte) juk en ligte las van die Torah van Yeshua van die nuwe verbond!

Maar tog het Yeshua gesê:

*2Die leraars van die wet en die Fariseërs het gaan sit op die stoel van Moshe 3 daarom moet julle alles wat hulle vir julle sê om te onderhou, onderhou en doen, maar moenie doen soos hulle doen nie, want hulle praat net en doen nie, 4 want hulle bind swaar laste en sit dit op*



*die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie. Matt. 23:2 tot 4.*

Is hier 'n teenstrydigheid tussen wat Yeshua in Matt. 11:30 en in Matt. 23:2 tot 4 gesê het? Vers 3 word juis deur talle in die Messiaanse Beweging gebruik as sogenaamde bewys dat daar by die voete van Rabbynse Judaïsme gesit moet word om alles van Torah, en selfs alles in die Talmud, te leer en dit te doen.

Die vraag is dus: Wat het Yeshua bedoel met Sy woorde in Matt. 23:2 tot 4?

Eerstens moet ons verstaan dat die leraars van die wet (die skrifgeleerdes) en die Fariseërs hulself in die plek van Moses aangestel het, naamlik om op die stoel wat vir Moses bedoel was, te gaan sit. Hulle het hulself dus bokant Moses verhef! Hierdie gesindheid van die skrifgeleerdes en die Fariseërs blyk duidelik uit verse 5 tot 7:

*5*maar alles wat hulle doen, doen hulle om deur die mense gesien te word. Hulle maak hul gebedskassies breed en die blou draad in hul tossels aan hulle klere lank. *6*Hulle is lief vir die eersteklas sitplekke by feeste en die eersteklas sitplekke in bymeekaarkomplekke, *7*die groetwense op die stadsplein en om deur die mense 'my groot een' genoem te word.

Hedendaagse Rabbynse Judaïsme, wat 'n voortsetting van Fariseïsme is, openbaar steeds dieselfde gees as in die tyd van Yeshua! Dit moet onthou word dat Ortodokse Jode is gehoorsaam aan die Talmud en nie aan die Torah van Moses nie!! Dit word ondermeer bevestig deur die woorde soos die van Rabbi Laura Geller:

*Jews don't read the Bible literally. We read it through the lens of generations of interpretations and acknowledge the evolution of human understanding of God. The Talmudic image of God is vastly different from the image of God presented in the Bible –* Rabbi Laura Geller, Senior Rabbi, Temple Emanuel of Beverly Hills, California, [Huffington Post](#), April 2, 2011.

In die *Mishnah* (Babylonian Talmud: Tractate Sanhedrin 88b) is dit geskryf. *There is greater stringency in respect to the teachings of the scribes than in respect to the Torah.*

Hierdie is slegs enkele voorbeelde van die geestelike hoogmoed van Rabbynse Judaïsme. Die belangrikste voorbeeld van hul hoogmoed is egter die verwerping van Yeshua as Die Gesalfde Een! Hierdie is niks anders as rebellie teen YHVH-God!

Meer oor die gevare van die misleiding van Rabbynse Judaïsme is beskikbaar by hierdie skakel: [RabbynseJudaïsmeReeks](#).

Tweedens moet ons verstaan dat Moses was die middelaar tussen YHVH en Israel. Die skrifgeleerdes en die Fariseërs was nooit as midelaar aangestel nie! Moses was die sinnebeeld van Yeshua en daarom is Yeshua die vervulling van dit waarvan Moses slegs die skaduwee was! Yeshua is die Middelaar wat deur YHVH in die plek van Moses "aangestel" is!

Derdens word die betekenis van Matt. 23:1 tot 4 duidelik indien vers 3 meer korrek soos volg vertaal word: *daarom moet julle alles wat Moses vir julle sê om te onderhou, onderhou en doen, maar moenie doen soos die skrifgeleerdes en Fariseërs doen nie.....*

Onthou: Moses het vir Israel gesê dat YHVH 'n profeet soos hy sal opwek en dat hulle na hierdie profeet moet luister!

*17 יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.' 18 Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. 19 Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie.*  
Deut. 18:17 tot 19.

Yeshua is hierdie profeet en sit vandag in die stoel van Moses. Hy het in alle opsigte die Torah van Moses onderhou en vervul, naamlik tot sy volheid gebring. Daarom het daar met die folterdood en opstanding van Yeshua as die Lam van God tot vergifnis van die oortreding van die Torah van Moses 'n verandering in die wet plaasgevind. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs bevestig, veral in hoofstukke 7 tot 10, hierdie verandering en wat dit behels.

Die Torah van Moses vorm steeds die fondament van ons gehoorsaamheid, maar die praktyk en die toepassing daarvan het verander. Die nuwe verbond het 'n nuwe bedeling gebring waar elkeen gehoorsaam moet wees aan die Torah van Yeshua soos dit in die nuwe verbond vir ons uiteengesit word. Hierdie nuwe bedeling word ondermeer in Heb. 8:1 tot 13 soos volg uiteengesit:

*1 Die hoofpunt van dit alles: ons hét so 'n nie-Levitiese hoofpriester wat sit op die regterkant van die troon van HaG'dulah (die Grootheid) in die hemel. 2 Hy, en nie 'n mens nie, is die Bedienaar van die Huis van Afgesonderdheid en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het. 3 Elke hoofpriester word aangestel om geskenke en offers te bring; daarom moes Hy ook iets vir Homself hê om te offer, 4 want as Hy op aarde was, sou Hyself geen priester wees nie omdat daar priesters is wat die offerandes volgens die wet offer, 5 hulle wat 'n voorbeeld en skaduwee van die hemelse bedien, net soos aan Moshe gesê is toe hy die Tabernakel (tentwoning) gemaak het: "Let op dat jy alles maak volgens die bloudrukplan wat op die berg aan jou verskyn het," 6 maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is, 7 want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie, 8 want Hy vind fout met hulle en het gesê: "Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring, 9 nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp," sê יהוה. 10 "Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees 11 en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: 'Ken יהוה' nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste. 12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie." 13 **Deurdadig sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar** en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging.*

Die nuwe het die oue vervang en daarom:

*19 Daar is dus vir ons vrymoedigheid broers, om in die Afgesonderde Plek in te gaan deur die bloed van Yeshua 20 en deur die metode van Lewe, wat ons vernuwe het binne die skeidingsgordyn, wat Sy liggaam is 21 en ons het 'n Groot nie-Levitiese Priester oor die huis van God. 22 Laat ons nader gaan met 'n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertrouwe terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van 'n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. Heb. 10:19 tot 22.*



Die wet van die Gees van Lewe, naamlik die Torah van die nuwe verbond, het ons vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, naamlik die Torah van Moses wat geen mens, behalwe Yeshua, kon onderhou nie!

*<sup>1</sup>Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, <sup>2</sup>want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, <sup>3</sup>want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel <sup>4</sup>sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Kan ons op die nuwe en lewende weg (*die metode van Lewe, wat ons vernuwe het binne die skeidingsgordyn*) wandel indien ons steeds vashou aan die Torah van Moses? Sou dit nie ook as rebellie teen YHVH gereken word nie?
2. Kan daar gelyktydig twee priesterordes bestaan, naamlik die van die Leviëte en die van Melgisédek? Kan ons onder beide se gesag staan?

-O-O-O-O-O-O-O-O-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)  
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*